

MEI 2008

OMGEWINGSIMPAKEVALUERINGSPROSES

MOKOPANE INTEGRASIEPROJEK  
LIMPOPOPROVINSIE

AGTERGRONDINLIGTINGSDOKUMENT

'N ESKOM INISIATIEF



Ten einde die krag wat by die nuwe Medupi Kragstasie opgewek word te ontruim, steun te bied vir die styging in die vraag na die platinumgroepmetale in die Mokopanegebied en om die betroubaarheid van elektrisiteitsvoorsiening aan die Polokwanegebied te verbeter, stel Eskom Transmissie die oprigting van die Mokopane Integrasieprojek voor. Dit sluit in die oprigting van 'n nuwe substasie in die Mokopanegebied en gepaardgaande transmissielyn-infrastruktuur om hierdie substasie in die transmissienet te integreer. Die aard en omvang van hierdie projek word in hierdie dokument in verdere besonderhede ondersoek.

### Oogmerk van hierdie agtergrondinligtingsdokument

Hierdie dokument stel dit ten doel om u, as 'n belangstellende en/of geaffekteerde party (B&GP) te voorsien van:

- » 'n oorsig van die voorgestelde Mokopane Integrasieprojek wat deur Eskom voorgestel word.
- » 'n oorsig van die Omgewingsimpakevaluering (OIE)-proses en studies wat onderneem word om die projek te evalueer.
- » besonderhede van hoe u by die OIE-proses betrokke kan raak, inligting kan ontvang of vraagstukke kan opper wat u dalk raak en/of vir u van belang kan wees.

### Oorsig van die Voorgestelde Projek

Die bestaande transmissiekraglyne van die Lephalalegebied kan nie die bykomende 4 500 MW krag van die nuwe Medupi Kragstasie (wat naby Lephalale opgerig word) ontruim sonder om die betroubaarheid en integriteit gedurende beide bedryf en instandhoudingsaktiwiteite in gevaar te stel nie. Eskom het verskeie opsies ondersoek vir optimalisering van die transmissiestelsel en beplan die oprigting van nuwe wisselstroom (WS) transmissiekraglyne as 'n doeltreffende en doelmatige wyse om elektrisiteit van die Medupi Kragstasie na transmissiesubstasies in die Limpoprovinsie oor te bring.

Witkop Substasie is die enigste node in die Polokwanegebied wat die platinumgroepmetale se lastoename ondersteun. Die lasvoorspelling toon 'n verskuiwing in las na die Mokopanegebied met verskeie kliënte-aansoeke. Die Witkop Substasie alleen kan nie in die voorgestelde las voorsien nie, aangesien daar termiese, spanningstabieleit- en ruimtelike beperkings is.

Derhalwe stel Eskom Transmissie die oprigting van die Medupi-Mokopane Integrasieprojek voor. Hierdie projek sluit die volgende komponente in:

- » Oprigting van 'n nuwe 400/132 kV substasie naby Mokopane;
- » Integrasie van die nuwe substasie in die transmissienet deur in en uit een van die bestaande Matimba-Witkop 400 kV transmissielyne te lus (d.i. twee lyne wat vir sowat 10 km parallel loop);
- » Oprigting van 'n nuwe 400 kV transmissiekraglyn tussen die Delta Substasie ('n nuwe substasie wat naby die Medupi Kragstasie geleë sal wees) en die nuwe Mokopane Substasie, 'n afstand van ongeveer 150 km;
- » Oprigting van 'n nuwe 400 kV transmissiekraglyn tussen die nuwe Mokopane Substasie en die bestaande Witkop Substasie, 'n afstand van ongeveer 60 km;
- » Oprigting van 'n nuwe 400 kV transmissiekraglyn tussen die Delta Substasie en die bestaande Witkop Substasie, 'n afstand van ongeveer 200 km; en
- » Gepaardgaande werke om die nuwe substasie in die transmissienet te integreer (soos toegangspaaie, kommunikasietoring, ens.) en om die nuwe lyne by bestaande substasies te integreer (soos die oprigting van nuwe voerdervakke binne die bestaande substasieterrein).

In totaal word 'n beraamde 410 km nuwe kraglyne voorgestel.

Tegnies lewensvatbare alternatiewe substasieterreine en transmissiekraglyn belyningsdeurgange is gedurende die OIE-proses vir ondersoek geïdentifiseer. Dit word op die meegaande kaart aangedui. Die studie area sluit die volgende dorpe in: Lephallale, Seleka, Shongoane, Bakenburg, Lekalakala, Bakoni Ba Matlala, Mokopane, Matlala, Vaaltyn, Mashashane and Maraba.

## OMGEWINGSIMPAAKEWALUERINGSPROSES

Ingevolge die OIE-regulasies wat gepubliseer is kragtens artikel 24(5) van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (NEMA, No 107 van 1998), verlang Eskom magtiging van die Nasionale Departement Omgewingsake en Toerisme (DEAT) (in raadpleging met die Weskaapse DEA&DP) vir die onderneming van die voorgestelde projek. Ten einde magtiging vir hierdie projek te bekom, moet omvattende, onafhanklike omgewingstudies eers onderneem word ingevolge die OIE-regulasies. Hierdie projek is by die Nasionale DEAT geregistreer onder Aansoekverwysingsnommer 12/12/20/1187 (substasie en aansluitingslyne) en 12/12/20/1140 (transmissielyne).

'n OIE is 'n doeltreffende beplannings- en besluitnemingswerktuig. Dit bring mee dat die omgewingsgevolge wat voortspruit as gevolg van die oprigting en bedryf van 'n tegniese aanleg, geïdentifiseer en behoorlik bestuur word. Dit bied die ontwikkelaar die geleentheid om vooraf gewaarsku te wees van potensiële omgewingsvraagstukke en laat ruimte vir die oplos van die vraagstuk(ke) waaroor in die OIE-verslag berig is, asook dié wat tydens gesprekvoering met geïntereerde partye na vore kom.

Eskom het Savannah Environmental aangestel as onafhanklike konsultante om 'n Bestekopname en Omgewingsimpakevaluering te onderneem ten einde alle potensiële omgewingsimpakte, wat gepaardgaan met die voorgestelde projek vir die geïdentifiseerde gebied, te onderneem en om behoorlike versagende maatreëls in 'n Omgewingsbestuursplan (EMP) voor te stel. As deel van hierdie omgewingstudies sal B&GP's regdeur die openbare deelnameproses, wat deur I L I S O Consulting onderneem word, aktief betrokke wees.

Die fases van 'n OIE is:



## Wat is die potensiele omgewingsimpakte wat met die voorgestelde projek gepaardgaan?

'n Aantal potensiele omgewingsimpakte wat met die voorgestelde projek gepaardgaan, is geïdentifiseer. Hierdie potensiele impakte sal deur die volgende spesialisstudies geëvalueer word:

- » Impakte op ekologie, fauna & flora
- » Impakte op voëllewe
- » Impakte op grond en landboupotensiaal
- » Impakte op erfenisterreine
- » Impakte op visuele gehalte en estetika
- » Impakte op topografie, hidrologie, grondwater, klimaat en besoedeling
- » Impakte op die maatskaplike omgewing, wat grondgebruik en toerismepotensiaal insluit.

Hierdie spesialisstudies sal in twee fases onderneem word:

1. 'n Kantoor (desk-top) Bestekopnamestudie, waartydens potensiele vraagstukke wat met al die geïdentifiseerde alternatiewe gepaardgaan, geëvalueer sal word en 'n alternatief van voorkeur vir oorweging in die OIE-proses benoem sal word.
2. 'n Gedetailleerde evaluering van potensieel wesenlike impakte wat met die benoemde alternatief van voorkeur gepaardgaan wat tydens die Bestekopnamefase geïdentifiseer is. Praktiese en uitvoerbare versagende maatreëls sal aanbeveel word ten einde potensieel wesenlike impakte wat geïdentifiseer is, te verminder. Hierdie aanbevelings sal ingesluit word in die konsep Omgewingsbestuursplan (EMP).

Spesialisstudies sal toegelig word deur bestaande inligting, veldwaarnemings en insette van die openbare deelnameproses. As 'n B&GP word u insette as belangrike deel van hierdie proses beskou, en ons moedig u aan om betrokke te raak.


## Openbare Deelnameproses

Die deel van inligting vorm die grondslag van die openbare deelnameproses en bied u die geleentheid om uit die staanspoor aktief by die OIE betrokke te raak. Kommentaar en insette van B&GP's tydens die OIE-proses word aangemoedig ten einde te verseker dat oorweging geskenk word aan potensiele impakte binne die omvang van die studie.

Die openbare deelnameproses poog om te verseker dat:

- » inligting wat al die tersaaklike feite met betrekking tot die aansoek bevat, aan B&GP's vir oorsig beskikbaar gestel word.
- » deelname deur potensiele B&GP's op so 'n wyse gefasiliteer word dat B&GP's 'n redelike geleentheid gegun word om kommentaar te lewer oor die aansoek.
- » toereikende oorsigtydperke aan B&GP's gebied word om kommentaar te lewer oor die bevindinge van die konsep Bestekopname- en OIE-verslag.

Ten einde doeltreffende deelname te verseker, sluit die openbare deelnameproses die volgende stappe in:



## U verantwoordelikhede as 'n B&GP

Ingevolge die OIE-regulasies, word u aandag gevestig op u verantwoordelikhede as 'n B&GP:

- » Ten einde aan hierdie OIE-proses deel te neem, moet u uself op die projek se databasis registreer.
- » U moet toesien dat enige kommentaar rakende die voorgestelde projek binne die gestipuleerde tydsraamwerke ingedien word.
- » Daar word van u verlang om enige regstreekse sake-, finansiële-, persoonlike- of ander belange wat u dalk mag hê in die goedkeuring of afkeuring van die aansoek vir die voorgestelde projek, bekend te maak.

## Hoe om betrokke te raak

1. Deur te reageer (telefonies, per faks of per e-pos) op ons uitnodiging vir u betrokkenheid wat in plaaslike en nasionale koerante geadverteer is.
2. Deur die aangehegte Antwoordvorm aan die tersaaklike kontakpersoon terug te besorg.
3. Deur die vergaderings by te woon wat gedurende die verloop van die projek gehou sal word. As 'n geregistreerde B&GP sal u outomaties uitgenooi word om hierdie vergaderings by te woon. Datums vir openbare vergaderings sal ook in plaaslike en streekkoerante geadverteer word.
4. Deur die konsultante te kontak met navrae of kommentaar.
5. Deur oorsig en kommentaar te bied oor die konsep Bestekopname- en OIE-verslae, en wel binne die gestipuleerde 30-dae oorsigtydperke.

Indien u uself as B&GP vir hierdie voorgestelde projek ag, moedig ons u aan om gebruik te maak van die geleentheid wat geskep word deur die openbare deelnameproses om kommentaar te lewer of daardie vraagstukke of knelpunte te opper wat u raak en/of waarin u belangstel en waaroor u meer inligting verlang. U insette in hierdie proses vorm 'n belangrike element van die OIE-proses.

Deur die meegaande Antwoordvorm te voltooi en in te dien, registreer u uself outomaties as 'n B&GP vir hierdie projek en verseker u dat u kommentaar, knelpunte of navrae wat betreffende hierdie projek geopper word, aangeteken sal word.

### Kommentaar en navrae

Rig alle kommentaar, navrae of antwoorde aan:

Bhavani Daya van ILISO Consulting

Posbus 68735, HIGHVELD, 0169

Tel: (012) 665 3602

Faks: (012) 665 1886

E-pos: bhavani@iliso.com

Vir dokumentasie wat met die projek gepaardgaan, besoek

[www.savannahsa.com](http://www.savannahsa.com)

of

[www.eskom.co.za/eia](http://www.eskom.co.za/eia)